**PERSOONLIKE NOTAS**

Woordgewoontes word aangeleer!

*"Repetition is the path to mastery."* - Annoniem

Gary Player het eenkeer gesê: *"The more you practise the luckier you get!"*

## Lesing 4: Die Koninkryk Binne-in Jou

*"Christus in julle, die hoop van die heerlikheid." Kol. 1:27*

### Die Lewende Woord en die Geskrewe Woord

Dit is van kardinale belang om hierdie waarheid vas te maak: **Christus wat in ons woon, sal nooit in konflik wees met die Bybel nie.** Jesus Christus is die Lewende Woord van God en die Bybel is die Geskrewe Woord van God. Die twee is eenstemmig. God sal jou dus nooit lei om iets te doen wat teen Sy karakter indruis nie.

Byvoorbeeld: Die Here sal jou nooit aanspoor om iemand te kritiseer, te benadeel of te verneder nie. Waarom? Omdat dit teen Sy natuur is.

*"… God is liefde." 1 Joh. 4:8*
*"… Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." Matt. 22:39*

Wanneer 'n mens verskonings begin maak vir verkeerde optredes, dui dit nie op swak selfbeheersing nie, maar aan 'n gebrek aan kennis van God se Woord. Lees Matthéüs 5, 6 en 7; daar sien ons God se karakter in aksie. Hy het ons nie as geestelike weeskinders agtergelaat nie. Of ons Hom leer ken, hang van ons eie gewilligheid af.

### Die Pad van Verandering is 'n Proses

'n Algemene vraag wat mense vra, is: *"Hoe lank neem dit om my ou gevestigde denkwyses te verander?"* Die eerlike antwoord is: **Verandering neem tyd.** Gewoontes, veral gevestigde denkpatrone, word nie oornag gevorm of afgeleer nie. Dit verg geduld, herhaling en volharding. Daar bestaan geen kitsoplossings in geestelike groei nie.

Dink aan 'n professionele gholfspeler. Hy slaan daagliks honderde balle, hou na hou, dag na dag, om sy spel te verfyn en te verbeter. Waarom? Omdat **herhaling sekerheid bring**.

*"Verder, my liewe broers en susters, wees bly omdat julle aan die Here verbind is. Om weer hieroor vir julle te skryf maak my* (Paulus) *nie moeg nie, en vir julle gee dit duidelikheid." Fil. 3:1, NLV.*

Net so word ons denke deur voortdurende blootstelling aan die Woord hernu.

### Die Aflê van die Self-Lewe

Ware verandering begin wanneer die **self-lewe** afgelê word; of dit nou godsdienstige selfregverdigheid is, of openlike werke van die vlees (Gal. 5:19–21).

Enigiets wat jou verhouding met God verdring, moet prysgegee word.

*"Moenie julle leefstyl aanpas by die gedragspatrone van hierdie wêreld nie, maar laat God julle omvorm deurdat Hy julle denkpatrone vernuwe. Dan sal julle goed kan onderskei wat Hý wil hê dat julle moet doen, naamlik dit wat werklik goed en aanvaarbaar en volmaak is." Rom. 12:2, NLV.*

Maklik is dit nie, maar dit is moontlik. Wie help ons in hierdie proses? **Christus wat in ons woon.**

*"Jesus het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun* (Jesus) *kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hý* (die Vader) *doen, dit doen die Seun* (Jesus) *ook net so." Joh. 5:19*

As Jesus self nie onafhanklik van die Vader opgetree het nie, hoe kan ons verwag om op eie krag te slaag? Elke dag staan ons voor keuses; wat ons dink, sê en doen. Dit is dus logies dat ons hulp nodig het.

**God se Wil Sluit Sy Bekwaamheid In**

Wat God van jou verwag, **stel Hy jou ook in staat om te doen.** Sy wil bevat Sy krag. Die Heilige Gees, wat in jou woon, herinner jou voortdurend aan die waarheid.

*"Maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het." Joh. 14:26*

Dink so daaraan:

- Die **Bybel** is jou padkaart
- Die **Heilige Gees** is jou Toerleier
- Die **Bestemming** is Jesus Christus

Maar hier is 'n belangrike waarheid: Jy kan nie Jesus en die self-lewe saam dien nie.

**Die Verborge Gesig van Afgodery**

Afgodery is nie beperk tot beeldjies nie. Dit neem baie subtiele vorme aan. Wat jou gedagtes oorheers, jou begeertes beheer en jou besluite dryf, **is jou afgod.**

Voorbeeld: Jy begeer daai splinternuwe bakkie. Dit is al waaraan jy kan dink en oor praat. Jy bid self daarvoor, want jy het dit dan so nodig. So haal jy tien talle redes aan hoekom jy juis daardie bakkie nou wil koop al staan daar in jou motorhuis 'n bakkie wat niks makeer nie.

**PERSOONLIKE NOTAS**

*"... Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê." Joh. 10:10*

*"Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. **KIES** dan die **LEWE,** dat jy kan lewe..." Deut. 30:20*

Nog voorbeelde van afgodery is, hardkoppigheid, selfbeskikking en volgehoue ongehoorsaamheid. Hoekom sê ons so? Dit is alles vorme van self-aanbidding.

*"Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God." 2 Tim. 3:2-4*

Om jou eie kop te volg teen die waarskuwing van die Gees en die riglyne van die Woord, is niks anders as afgodery nie, dit is die aanbidding van jouself.

**Onderwerping is Weerstaan**

*"Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug." Jak. 4:7*

Hierdie twee aksies staan nie apart van mekaar nie. Onderwerping aan God ís die weerstaan van die duiwel. Jou liefde vir God word sigbaar in jou gehoorsaamheid aan Hom.

*"Want dit is die liefde tot God, dat ons Sy gebooie* (dit is die Geskrewe Woord) *bewaar, en Sy gebooie is nie swaar nie." 1 Joh. 5:3*

Hierdie *"gebooie"* verwys nie na Ou-Testamentiese wetsonderhouding nie, maar na 'n lewe wat deur liefde gedryf word (2 Kor. 5:14-15).

**Die Koninkryk: *"Basileia"***

Die Griekse woord vir koninkryk is *"Basileia."* Dit beteken nie *hemel* nie, maar: bestuur, bewind, heerskappy of regering. Jesus sê self:

*"... Die Koninkryk van God is binne-in julle." Luk. 17:20–21*

Waar daar 'n koninkryk is, is daar 'n Koning. En waar die Koning is, daar is Sy Koninkryk. God se Koninkryk is 'n Teokrasie: God wat alleen regeer.

**Soek die Koninkryk**

*"... Soek eers die Koninkryk van God..."* Matt. 6:33. Dit beteken om Sy regering in jou lewe toe te laat. Of anders gestel: Gehoorsaamheid aan Hom, dit wat Hom meer maak in jou lewe en die eie-ek minder (Joh. 3:30). Om God persoonlik en intiem te ken *("Ginosko")* moet jou hoogste doel wees (Joh. 17:3).

Slegs dan leef 'n mens werklik suksesvol.

**PERSOONLIKE NOTAS**

Iemand het eenkeer gesê: Of ek nou reg of verkeerd is, ek bly die kaptein van my skip. Ek doen dit op my manier, kant en klaar!

Klink bogenoemde vir jou soos iemand wat God in eerbied aanbid of iemand wat besig is met die aanbidding van die self-lewe – niks anders as afgodery nie!

*"What actually took place is this: I tried keeping rules and working my head off to please God, and it didn't work. So I quit being a "law man" so that I could be God's man. Christ's life showed me how, and enabled me to do it. I identified myself completely with him. Indeed, I have been crucified with Christ. My ego is no longer central. It is no longer important that I appear righteous before you or have your good opinion, and I am no longer driven to impress God. Christ lives in me. The life you see me living is not "mine," but it is lived by faith in the Son of God, who loved me and gave himself for me. I am not going to go back on that." Gal. 2:19-20, MSG.*

**Besprekingsvrae**

1. Waarom kan Christus in ons nooit die Bybel weerspreek nie?

2. Wat openbaar verskonings vir verkeerde optrede?

3. Waarom neem verandering tyd?

4. Wat is die self-lewe?

5. Wie help ons om werklik te verander?

6. Wat beteken dit dat God se wil Sy bekwaamheid insluit?

7. Wat is moderne afgodery?

8. Wat beteken Jakobus 4:7 prakties?

9. Wat beteken *"Basileia?"*

10. Wat is ware sukses volgens Jesus?

**Besprekings Antwoorde**

1. Omdat Christus die Lewende Woord is en die Bybel Sy Geskrewe Woord. Die twee is in een gevleg.

2. ‘n Gebrek aan kennis van God se Woord.

3. Omdat gewoontes en denkpatrone deur herhaling gevorm word.

4. Enigiets wat God se regering in jou lewe verdring.

5. Christus wat in ons woon deur die Heilige Gees.

6. Wat Hy van jou vra, stel Hy jou in staat om te doen.

7. Selfgerigtheid, ongehoorsaamheid en hardkoppigheid.

8. Om aan God gehoorsaam te wees ís die weerstaan van die duiwel.

9. Die bestuur, bewind, regering en heerskappy van God.

10. Om God intiem en persoonlik te ken (Joh. 17:3).